AMOSPOS elektronies - DIS MOS SIELEKOS!!!–November 2011

Posbus 90960 Tel: +264 81 148 89993
Klein Windhoek Fax: +264 61 235 182
E-mail: adminnamibia@amosafrica.net
Web: www.amosafrica.net/namibia
Bank: Standard Bank
Branch: Ausspannplatz-code: 082 672
Account : 142 853 690 (save)

GEBEDSKONFERENSIE 2011 TE OKAHANDJA – 14 -16 OKTOBER

Hierdie bly voorwaar elke jaar die hoogtepunt van Amos! Elke jaar beleef ons opnuut die grootheid van ons God – raak ons opnuut bewus van ons EL SHADDAI God – die Een wat altyd meer doen as wat ons kan bid of dink!
Ansie, Issie en Kitty van Okahandja gemeente het ons 'n warm welkom gegee by die deur, ons laat konferensie hou in 'n pragtige saal en ons mae vol gehou met die allerheerlikste kos – baie dankie! Dit is sekerlik ook dan een van die redes hoekom ons nou al vir die 6de jaar terug kom na Okahandja toe!
Pierre, Meretha en klein Esmie van Rooyen is daar uit die vêr Kalahari gestuur om ons te kom seën met God se boodskap uit Jes.6.

Vrydag aand praat Pierre oor **pierre perd en God van genade –** In Jes.6:1-4 word ons bewus van hoe groot en heilig ons God is. In God se teenwoordigheid word ons as mens ontbloot. Hy vertel van die perd Tornado wat nie sy potensiaal kon ontwikkel nie, omdat hy agter sy aangeleerde swak gedrag geskuil het – so skuil ons ook menigmaal agter aangeleerde gedrag en kan ons nie ons Godgegewe potensiaal bereik nie – dan kan ons nie as gesonde mens leef en speel nie, en ook nie gestuur word nie.

Saterdag – Sessie 1 gaan oor **Gestroop van als** **–** As jy in die nag jakkals-jag en die jakkals vasvang in die skietlamp se lig – so raak ons ook ontbloot as die skietlamp van die Heilige Gees op jou skyn. Ons raak bewus van ons wonde – meeste van die kere opgedoen deur 'n val – maar vir elke val is daar 'n opstaan en leer ons van die krag van sondebelydenis. Jes.30:18 +26 en Hebr.4:15 + 16

Sessie 2 gaan oor **Die grond onder jou vellies** - Pierre vertel as klein Esmie die dag saam met hom in die bakkie op die plaas rondry, kan hy as hy by die huis kom sien waar sy oral die dag was, net deur te kyk wat onder haar skoentjies vassit en wat sy alles die bakkie ingedra het! Die vraag is: "WATTER GROND IS ONDER JOU SKOENE?" Rom.8:37 leer vir ons dat die manier waarop ek ervarings in my lewe gaan hanteer, gaan bepaal of dit aan my karakter gaan bou. In Sy Woord belowe God dat Hy ons 'alles skenk' (2Petr.1:3) wat ons nodig het en dat Hy ons 'gewillig en bekwaam maak' (Fil.2:13) om Sy opdrag uit te voer. GETUIENIS is om te vertel van die grond onder jou voete!

Sessie 3 gaan oor **'n Saak van geloof** **-** Pierre vertel die storie van die man wat in die woestyn geloop het. Later was sy water op, hy baie dors en die naaste dorp was 'n verdere 200km vandaar toe hy op 'n put met 'n pomp afkom. Aan die pomp was 'n blikkie met 'n briefie in. "*Hierdie pomp werk 100% en daar is vars water in die put. Onder 'n klip is daar 'n bottel water met die prop na bo begrawe. Neem die helfte van die water en gooi dit op die pomp sodat die pomp kan loskom as jy hom wikkel – daarna gooi jy die res van die water in die pomp en pomp dat jy bars en jy sal net soveel water kry soos jy wil hê. As jy klaar gedrink het en jou waterbottels volgemaak het, gooi weer water in die bottel onder die klip en begrawe dit met die prop na bo vir die volgende dors persoon.*" Uit hierdie verhaal kom daar 4 baie belangrike geloofswaarhede na vore: 1) Vertroue- Eks.4:11+12 2) Geloof – Hebr.11:1 3) Waagmoed –Joh.14:12 4) Gewilligheid om jou deel te doen.- Jak.4:17

As elke boer in Namibië dit op sy plaas begin toepas, is daar hoop vir Landbou in Namibië!

AMOS
Namibia
LIVING & FARMING GOD'S WAY
LEEF & BOER SOOS GOD WIL
WELKOM
AMOS
2011
!!!

ONS PRAAT OOR GELD!

Sanet Vermeulen van Crown Financial Ministries het met ons kom deel dat, deel van "***Leef en Boer soos God wil"*** ook is om 'n getroue bestuurder van God se geld te wees. Daar is meer as 2350 verse in die Bybel wat jou alles leer van hoe om geld te hanteer – die Bybel is as't ware God se bloudruk vir die manier hoe ons, ons finansies moet hanteer. Lees meer oor hulle en die materiaal beskikbaar op hulle web-tuiste: www.crown.org.za/ls/namibia. Amos se uitgangspunt is: GEE WAT JY HET, GOD SAL VERMENIGVULDIG. **Anton du Plessis** van Amosagrimin SA-4GOODFRUIT het vir ons die spaarkapasiteit beginsel kom verduidelik. Hierdie is 'n benadering waar fondse wat beskikbaar is, eers vermenigvuldig word en dan word Amos projekte befonds. Hierdie benadering berus op spaarkapasiteit (bv. 'n boer het spaar weiding vir 2 bees op sy plaas) wat 'n Amosboer beskikbaar het om fondse in verskillende boerderyvertakkings (bv. Skaap, bees, varke, graan ens) te investeer en te vermenigvuldig. Die doelwitte van 4GOODFRUIT is dus as volg:

- Werf fondse d.m.v skenkings of 'n finansierder – donasies/lenings/testamentêre bemakings
- Vermenigvuldig die fondse d.m.v spaarkapasiteit beginsel –boer met spaarkapasiteit – koop en/of betaal gespesialiseerde kostes aan die boer, wie dan namens Amos produseer. Geen onderskeid word tussen Amos en die boer se eiendom gemaak nie. Wanneer die produkte markgereed is, verkoop die boer die eiendom van Amos in die naam van 4GOODFRUIT.
- Befonds Amos bediening

Amos Namibië wil in 2012 hierdie beginsel in Namibië implementeer – daarvoor het ons ten eerste BOERE, wat deel in die Amos visie vir Namibië, nodig. Boere wat dus SPAARKAPASITEIT beskikbaar het. Bid asb daaroor en meld jou sommer by ons kantoor aan. Anton kom einde Febr.2012 Namibië besoek en dan wil hy graag boere wat by hierdie projek betrokke kan raak besoek, die konsep sowel as die kontrakte tussen die boer en Amos verduidelik.

KINDERS lê Amos na aan die hart. Ons wil ons graag in 2012 toespits om veral die plaaskinders te bereik. Om dit te kan bereik het ons **vennote** nodig:

- **AKM** – Aksie Kinder Mobilisasie – hulle kan vir ons plaasvrouens oplei(opleiding geskied in Engels en Afrikaans as medium) om hulle voorskoolse kindertjies op die plaas te onderrig. Hulle verkaf ook pragtige uitgewerkte materiaal in Engels en Afrikaans. Opgeleide plaasmammas (moet kan lees en skryf en Jesus se hart vir kinders hê) gebruik dan hierdie materiaal om hulle kinders skoolgereed te kry.
- Geboue om die voorskoolse klassies te kan aanbied. Hier is **die gewillige boer** wat deel wil wees van ***Living and Farming God's way*** ons vennoot.
- **Amos bestuurslid** sal hierdie plaas skooltjies besoek en seker maak dat hulle voldoen aan die standaarde.
- **CEF –** Child Evangelism Fellowship –Gedurende plaaswerkerskampe gaan hulle 'n span saam met die Amos span stuur om die kinders te bedien. Die geleentheid gaan ook sommer gebruik word om een vrou op elke plaas verantwoordelik te maak om die kinders van daardie plaas met die evangelie te bedien. Materiaal en opvolgwerk word deur hulle gedoen.
- **Boervrouens** – graag wil ons die boervrouens op die plase toerus om hulle werkers se vrouens met die volgende projekte te ondersteun:
  1) Leer die vrouens hoe hulle, hulle kindertjies van 0-2jr kan help om hulle volle potensiaal te bereik.
  2) Leer hulle poppies brei (meer daaroor in die volgende nuusbrief – kyk foto) om aan groter kinders(in koshuise) die choose-to-wait praatjie aan te bied
  3) Leer hulle mooi hoede maak
- **Youth for Christ** – Hulle het spanne wat uitgaan en die Jesus film by koshuise vertoon. Ons soek net 'n gewillige boer/boervrou wat hulle naaste koshuis/skool sal nader en so 'n geleentheid reël en koördineer.

NIKS HIERVAN GAAN GEBEUR AS ONS NIE BID NIE!!

Kinders by 'n koshuis ontvang elkeen 'n poppie en die gepaardgaande boodskap

2-Vertrek sinkhuisies(2,7m X6m) kan maklik opgerig word op enige geskikte plek en as 'n kleuterskool funksioneer. As dit nie meer daarvoor gebruik word nie kan dit aangewend word vir 'n werkershuisie of net 'n stoorplek. Die koste vir die 2-vertrek gebou met sement vloere beloop ongeveer N$10 000.

NUUS!!

* Johan Deysel vat voor as nuwe Administrateur van Amos Namibië –baie geluk Johan en mag die Here jou seën met Hemelse wysheid.
* AKM opleiding van plaaswerkers vrouens as moontlike kleuterskool juffrouens vind plaas **28 Nov -2Des.** Daar is nog plek. Navrae Judie Wiese. Tel.062-570316/0811271018
* Om te leer hoe om die poppies te brei en hoede te maak – **12 – 14 Jan.2012** by Wilma Schoeman. Meer hieroor in die Des Nuusbrief
* The Root of Riches mini Conference – aangebied deur Chuck Bentley (CEO van Crown Ministries) – **28 Jan.2012** . Navrae Derick en Sanet Vermeulen. Tel. 061-251529/0812931771

NUTTIGE BOEK OM AAN TE SKAF

Speel-pret stimulasieprogram

Die program bestaan uit 96 aktiwiteite wat gebaseer is op die normale ontwikkeling van die **kind van 0-3 jaar.** Die materiaal in die program("kit") bestaan uit 3 bekers, 4 teelepels en 'n waslap. Elke aktiwiteit bevorder motoriese, sensoriese en kognitiewe ontwikkeling, asook aktiwiteite van die alledaagse lewe.

. N$70-00

ONS Sê DANKIE VIR:

- God se seën tydens die 6de Gebedskonferensie in Oktober te Okahandja
- Nuwe Bestuur wat opgewonde is oor God se opdrag om deel te wees dat elke plaas in Namibië "***Leef en werk op God se manier***"
- God se plan om ons plaaskinders te bereik
- Medewerkers wat God gaan voorsien en reeds voorsien het
- Elke gehoorsame boer in Namibië